SAKE 24 (Beeld)
01 Sep 2011, p.2

> Die reguleerder wys sy tande deur teen oortreders op te tree.

RFD skort 260 se lisensies op

Nellie Brand-Jonker, Kaapstad

Die Raad op Finansiële Dienste (RFD) het in Junie en Julie die lisensies van byna 260 finansiëledienseverskaffers opgeskort.

Dit is hoofsaaklik omdat hulle nie heffings betaal of nie nakomingsverslae of finansiële state ingedien het nie.

Mnr. Ian Middleton, besturende direkteur van Masthead, 'n organisasie wat finansiële raadgewers ondersteun, sê dit "toon dat die finansiëledienstebedryf 'n era van wetstoepassing ingaan. Die reguleerder wys sy tande deur teen oortreders op te tree."

Dit is goed vir verbruikersbeskerming, sê hy. Maar omdat baie raadgewers nie spesialiste in nakoming is nie, was van die oortredings dalk nie opsetlik nie.

Mnr. Justus van Pletzen, uitvoerende hoof van die vereniging vir finansiële tussengangers (FIA), sê die kennisgewings van opskortings word gereeld ontvang. "Dit toon dat die RFD ernstig is," sê hy. Volgens hom is daar egter gevalle waar finansiëledienseverskaffers wel dokumente ingedien het wat die RFD se stelsel of personeellede nie bereik nie. "Dit lei tot frustrasie, want as lisensies opgeskort is, kan tussengangers nie werk nie en in dit duur soms weke voor lisensies herstel word."

In die maand tot 19 Julie is 21 lisensies om "ander redes" teruggetrek. Volgens die RFD-verslag is 25 lisensies herstel en amper 60 vroeëre opskortings opgehef.

Die RFD het 20 867 aansoeke om magtiging verwerk. Daarvan is 1 992 afgewys.